

5 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 10:7-16 (NAV)

Fokusgedeelte: Johannes 10:16

Ken jou Herder en volg Hom

Nog 'n Sondag. Nog 'n geleentheid om ons goeie Herder se stem te hoor en te leer ken. Elke Sondag wat ons in die kerk sit, leer ons Jesus Christus as ons goeie Herder ken. Ons leer Hom ken as die Een wat sy lewe vir ons kom aflê het. Ons leer Hom ken as die Een wat vir ons lewe in oorvloed gee. Wat 'n voorreg!

Tog is dit nie die enigste stem wat ons hoor nie. Ons hoor ook die stemme van die diewe en die rowers. Ons hoor die stemme van die huurlinge wat die skape vir die wolwe los ... Hierdie stemme kom in baie verskillende vorme – dwaalleer, geld, eersug, mag, plesier en so kan ons aangaan. Hierdie stemme is niks anders as wat ons in 1 Petrus 5:8 lees nie: *“Julle vyand, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.”* In hierdie warboel van stemme het ons 'n groot troos – ons ken die goeie Herder se stem, omdat Hy ons eerste geken het (vs 14-15). Dit is voorwaar net genade en 'n voorreg, maar saam met hierdie voorreg kom daar ook 'n verantwoordelikheid ...

In vers 16 sien ons dat die goeie Herder ook *“nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie”* het. Omdat ons die voorreg het om in die genade van ons Here Jesus Christus te deel, omdat ons die goeie Herder se stem ken en omdat die goeie Herder dit ook self aan ons opgedra het (Matt. 28:16-20), is dit ons verantwoordelikheid om sy stem te laat hoor! Ons moet die goeie Herder se stem tussen al die ander stemme van die wêreld laat opklink, sodat al sy skape na sy stem kan luister en een kudde kan word.

Kom ons volg ons goeie Herder en wees sy getuie in hierdie wêreld ...

Sing: Psalm 80:1 (1936)

Teologiese Student Jacques Tredoux